
# Rondom Noordrand

***Elkeen vervul sy funksie om Noordrand as liggaam van Christus in liefde op te bou!***



## Gereformeerde Kerk Noordrand

**29 Mei 2022**

---

**WELKOM BY ONS EREDIENS**

**EREDIENSTYD: 9:30** **PREDIKER: ds Frederik Dreyer**

## Woordbediening

**Skrifgedeelte:** 1 Korintiërs 1:10 – 2:5
**Teksvers:** 1 Korintiërs 1:18
**Boodskap:** Val die kollig in Noordrand op mense of op Christus, die Gekruisigde?

***Eredienste : Noordrand YouTube kanaal***

Ons gaan (DV) voort om ons eredienste op ons YouTube kanaal te stroom. Lidmate wat weens Covid-19 nie fisies hier kan wees nie, word uitgenooi om 09:00 in te skakel by ons erediens. Kliek op die skakel en kliek dan op die boonste video wat '*Live*' wys: https://www.youtube.com/channel/UCbrJPhe3i4a3YhViZXnzGxw.

## Kollektes : 29 Mei

- Diakonie
- Expando

**WYSHEID UIT SPREUKE**

Spreuke 23:31 en 32

Moenie dat die wyn jou verlei as dit so rooi is, so vonkel in die beker, so lekker smaak nie. Agterna pik hy soos 'n slang, spoeg hy gif soos 'n kobra. Dan sien jy vreemde dinge en praat jy verkeerde dinge.

## Teeskinkbeurte:

29 Mei: Drienie Vorster, Esthel Venter; Ina vd Berg
5 Junie: Gretha Dreyer, Lesley Stander, Christie Steyn
12 Junie: Judy Moller, Andrea Buys, Nelia Lenz
***(Ons was nie die koppies, pak net in wasbak en Samuel was dit)***

Indien daar nog susters is wat bereid is om tee te skink op 'n Sondag, kontak asb vir Jeanne.

## *Lofprysing en Psalms*

*FFortissimo* hou Sondag 12 Junie om 15:00 `n lofprysings samekoms in ons kerkgebou. Die geleentheid huldig die orrelis prof Henk Temmingh met die première van 4 Bedevaartsliedere wat deur hom geskryf en gekomponeer is. Die program sluit ook werke in van Leonard Bernstein, Howard Goodall, César Franck (wie se geboorte ons 200 jaar gelede herdenk) en Awie van Wyk. Die begeleiding op orrel en/of klavier word deur ons orrelis, Daniela Pretorius, Marnus Greyling en Gideon Els behartig. Daar sal ook samesang wees. Die vokale ensemble – *FFortissimo* – se doel is om deur middel van sang ons lofprysing aan die Here te gee. Die geleentheid sal geestelik verrykend wees.



## - VERJAARSDAE –

**Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar:**




**1 Jun:** Estelle Kruger
**2 Jun:** Zelna Marx

Mag Goedheid en Guns julle altyd deur die lewe volg

***Gedetailleerd getrou aan die Here!***
*Ekerk Goeie nuus – Stephan Joubert*

Die St. Paul's Katedraal is 'n belangrike baken in Londen. Die grafsteen van Christopher Wren, die argitek van hierdie indrukwekkende gebou, is ook hier te sien. 'n Latynse opskrif hierop, as deel van die herinnering, lui as volg: "Indien jy 'n monument ter herinnering aan hom soek, kyk rondom jou." Wat 'n getuigskrif! Dit laat my wonder watter woorde reg aan ons elkeen se lewe sal laat geskied as eendag nie meer hier is nie? Ek hoop nie dit is iets soos: "Hy het lewenslank net sport gekyk" nie. Of: "Sy het gedurig in winkelsentrums rondgeloop" nie. Of nog erger: "Hy het gesê dat hy eendag iets vir die Here wil doen, maar dit was toe te laat." Of dalk: "Sy het graag vertel sy moet meer tyd vir die Here en haar gesin maak, maar toe daag die dood eerste op!"

Die mooiste opskrif bo-oor ons lewe sal wees wanneer Jesus en Sy engele vir ons sê: "Welkom in die heerlikheid van Here. Oor min was jy getrou, maar van nou af word jy oor baie aangestel." Hierdie is die woorde van die eienaar aan Sy getroue dienskneg in die gelykenis van die talente in Matteus 25:23. Dit moet ons herinner dat ons lewe hier op aarde saak maak. Ons durf nie toelaat dat een enkele dag in ons lewe nutteloos verbygaan nie. Selfs die geringste dinge, wat ons doen, het 'n impak voor die Here. Ons moet Hom getrou tot in die kleinste detail van ons lewe dien. Ons moet in die kleinste dingetjies tot Sy eer uitblink. Christus neem kennis van ons lewe, selfs al neem niemand anders hiervan kennis nie. Al weet niemand dat ons stilweg ander se laste dra en mense dien nie - God weet! Ons moet gedetailleerd aan die Here getrou wees. Dan rig ons die regte herinneringsteken as getuigskrif oor ons lewe op. Dan sal die Here ons tot in ewigheid onthou.

## ADMINISTRASIE

**PREDIKANT**: Ds Frederik Dreyer (e-pos: 333fmd@gmail.com):
**e-POS ADRES**: Noordrandgk@gmail.com;
**WEBADRES:** www.gk-noordrand.co.za
**ADMIN BEAMPTE**: Jeanne Prinsloo
**KOSTER**: Sarel Breedt
**ORRELIS**: Daniela Pretorius
**VOORSITTER BK.**: Oudl Herman Venter

## BYDRAES EN DONASIES

Lidmate kan bydraes of donasies op die volgende wyses gee:

- Kontant in koevertjies, elektroniese oorbetaling of met Snapscan

Snap here to pay

SnapScan